# Die Kruin-o-gram

Uitgawe 5 30 Augustus 2020

## Fillipense 4:1-13

Filippi, 'n Romeinse kolonie, was geleë in die noorde van Griekeland, destyds bekend as Masedonië. Hierdie florerende handelstad was geleë op die grens van Europa en Asië. Paulus, Silas, Timoteus en Lukas het die Egeïese See omstreeks 50 n.C. van Klein-Asië af oorgesteek en by Filippi aan wal gegaan (Handelinge 16:11-40). Die gemeente in Filippi het hoofsaaklik uit nie-Jode bestaan. Paulus haal nie Skrifgedeeltes uit die Ou-Testament in hierdie brief aan nie, waaruit 'n mens kan aflei dat hierdie gelowiges die Ou Testament nie geken het nie.

In hoofstuk 4 lees ons dat Paulus gevange geneem is. Dit is vreemd dat 'n man wat in die tronk sit, vir 'n gemeente kan skryf om bly te wees. Ons leer egter 'n belangrike les uit Paulus se gesindheid en optrede: jou innerlike gesteldheid moenie afhanklik wees van jou uiterlike omstandighede nie. Paulus was bly en vol vreugde, omdat hy geweet het dat Jesus Christus met hom was, wat ook al sy omstandighede. 'n Hele paar keer moedig hy die Filippense aan om bly te wees, waarskynlik omdat hulle die soort aanmoediging nodig gehad het. Dit is maklik dat mens toelaat dat onbelangrike dinge jou ontstel. As jy sukkel om in jou omstandighede bly te wees, kyk opnuut na jou lewe!

Stel jou voor hoe dit moet wees om nooit oor enigiets bekommerd te wees nie! Dit klink byna onmoontlik. Elke mens bekommer hom immers oor iets: dinge by die huis, by die werk, by die skool. En tog sê Paulus dat jy jou bekommernisse in gebede moet omskep. As jy graag minder bekommernisse wil hê, bid meer! Elke keer as jy voel hoe die bekommernisse oor jou toesak, moet jy eers halt roep en dit in gebed voor jou Hemelse Vader se voete lê.

Vers 7 sê: "En die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan, sal oor julle harte en gedagtes die wag hou in Christus Jesus." God se vrede is anders as wêreldse vrede (kyk ook na Johannes 14:27). Hierdie vrede kry mens nie deur jou daarop in te stel nie. Dit beteken ook nie, maar net die afwesigheid van konflik, of 'n "salige gevoel" nie. Nee, jy het ware vrede wanneer jy weet dat die Here in beheer is, dat jy 'n burger is van die hemel, dat God jou veilig in Sy hand het en dat jou oorwinning oor die sonde vasstaan.

Dit wat jy in jou gedagtes laat ingaan, gaan bepaal watter tipe woorde en dade uit jou binneste gaan kom (vers 8). Paulus sê dat ons ons gedagtes moet rig op dinge wat "edel" en "reg" is. Worstel jy soms met verkeerde gedagtes en dagdrome? Ondersoek 'n slag die dinge wat jy toelaat om lêplek in jou gedagtes te kry. Wat lees jy, na watse flieks, video's en TV-programme kyk jy? Vermy gemors, en sorg dat jy jou binneste met edel goed voed. Die belangrikste voeding kry jy natuurlik in die Bybel. Daarom moet jy genoeg tyd maak om die Bybel te bestudeer en te bid. Vra dat God jou help om die inligting wat jy in jou binneste toelaat te filtreer. Dit verg oefening, maar dit kan gedoen word.

Daar is seker nie 'n meer praktiese gedeelte in die Bybel oor die fokus van 'n mens se gedagtes as in Filippense 4:4-9 nie. Let op hoe 'n fokus op blydskap en bedagsaamheid omdat die Here binnekort kom jou gebedslewe beïnvloed. Dink na oor hoe jy dit prakties kan navolg.

Paulus gee ses algemene dinge wat ons gedagtes moet volmaak sowel as 'n viertal invloede vanuit sy eie lewe. Watter gedagtes is dit in jou geval? Watter invloede van Paulus het 'n impak op jou lewe? Skryf dit neer en fokus daarop hierdie week.

Lees hierdie verse gereeld hierdie week om jou te herinner dat God deur ons gebede 'n reuse verskil aan ons gedagtewêreld maak.

## Liturgie

### Verwelkoming

Gebruik gerus hierdie tyd om jouself geestelik te fokus en te nader tot God.

### Votum & Seëngroet

'n Uitroep oor die karakter en identiteit van die Here wat ons dien.

- Romeine 15:5-6 -

### Loflied

- Kom volk (LB 213) -

### Skriflesing en Oordenking

- Fillipense 4:1-13 -

### Wil van die Here (Wet)

- Matteus 5:16 -

### Skuldbelydenis

- Jesus, rots vir my (LB 239) -

### Vryspraak (Genadeverkondiging)

- 1 Korintiërs 15:10 -

### Geloofsbelydenis

- Geloofsgesprek -

### Seën en Amen

Ons word gegroet met 'n seënbede waarop ons antwoord met 'n amen.

- Romeine 15:5-6 -

# Delf dieper

## Diensbare Genade

**#Bybelvasvra:**

Die boek Fillipense is vernoem na 'n spesifieke kolonie in die Romeinse ryk, wat is daardie kolonie se naam?

Hierdie gedeelte in die Kruin-o-gram is spesifiek gemik op die jongmense, die tieners in ons gemeente. Hier daag ons, ons tieners uit om op drie vlakke te groei in hul geloof - 1) vir mekaar, 2) na God, 3) en na mense daar buite. Die doel van *Delf dieper* is dat ouers en tieners saam kan praat oor die Skriflesing aan die hand van die boonste oordenking, sodat die hele gesin tot 'n nuwe verstaan kan kom van die Bybel. Wanneer die gesin dus weer bymekaar kom, vra die volgende vrae vir mekaar en sien hoe die Gees van God in jou gesin beweeg.

### 1) Na mekaar:

1. Is jy al onverwags deur iemand betrap?
2. Het jy geskrik of was jy in die verleentheid gestel?

### 2) Na God:

1. Lees Fillipense 4:1-13 (Om jou te help lees die oordenking op die vorige bladsy).
   a. Wat val jou op? Wat in die gedeelte raak jou hart?
   b. Watter vrae maak hierdie gedeelte in jou wakker?
2. Wat beteken dit as ons sê dat ons in die blydskap van die Here moet lewe?
3. Lewe jy elke dag so dat jy weet dat die Here naby is?

### 3) Na mense:

1. Soek op die woord inskiklikheid?
2. Wees hierdie inskiklik teenoor ander mense.

# Verbly jou in die Heer

## Fillipense 4:1-13

Lees hierdie gedeelte uit die Bybel en vra vir mamma en pappa om jou daarmee te help as jy sukkel. Is daar 'n spesifieke gedeelte wat vir jou bekend klink? Is dit miskien vers 4?

Jy het seker al die liedjie gehoor en dis hoekom dit vir jou bekend klink.

Die eerste vers van die liedjie klink mos so:



*♪ Fillipense 4 vers 4 sê verbly jul in die Heer,*

*Fillipense 4 vers 4 sê verbly jul in die Heer.*

*Verbly jul, verbly jul, verbly jul in die Heer.*

*Verbly jul, verbly jul, verbly jul in die Heer. ♪*

Wanneer ons die gedeelte in die Bybel lees of hierdie liedjie sing, is dit eintlik vanselfsprekend wat ons hieruit kan leer.

Ons moet altyd bly wees in Jesus. Dit beteken nie dat ons nooit sal hartseer voel of kwaad word nie. Dit beteken dat ons moet fokus op Jesus, en wanneer ons dit doen sal ons sommer beter voel, maak nie saak wat gebeur nie.

Jesus is altyd by ons. Daarom hoef ons oor niks besorg te wees nie. Beteken dit dat ons oor niks meer hoef te bekommer nie? Nee, dit beteken dat ons altyd vir God kan vertel wat ons pla of waarvoor ons bang is. Die Here sal vir jou vrede gee. Met ander woorde, Hy sal jou rustig maak wanneer jy so voel.

Onthou om ook altyd aan goeie goed te dink. Soos ons in vers 8 lees moet ons aan alles dink wat waar, edel, reg, rein en waardig is. So, ons moet nooit aan lelike dinge dink nie. Ons kan dit reg kry deur God se vrede wat Hy vir ons gee en deur Hom te vra om ons daarmee te help.

Vers 13 is ook 'n bekende vers: *"Ek is tot alles in staat deur Hom wat my krag gee."* Dit beteken nie altyd wat ons dink nie. Toe Paulus Fillipense 4 geskryf het, was hy in 'n Romeinse tronk. In vers 13 sê hy dat die krag wat hy gehad het, die vreugde van die Here was. Hy het hom verbly in die Here, al was hy baie moeilike omstandighede. Paulus het besef dat hy net regtig tevrede sal wees deur aanhou op Jesus te fokus.

Ons moet almal soos Paulus wees en ons aanhou verbly in die Here, want Hy is altyd by ons. Dit maak nie saak waardeer ons gaan, wat met ons gebeur of hoe ons voel nie. As jy aanhou op God fokus sal jy 'n tipe vrede kry wat jy vir niemand sal kan verduidelik nie, maar jy sal weet dat dit Hy is wat vir jou krag gee om alles te hanteer wat na jou kant toe gegooi word.

Kleur nou die prentjie van Paulus in om jou te herinner dat jy soos hy moet wees en jou verbly in die Heer:



## Verjaarsdae

| | |
|---|---|
| **Sondag 30 Augustus** | |
| Didi Diedericks | 082 679 5669 |
| Izienne Grib | 072 020 6346 |
| **Maandag 31 Augustus** | |
| Lee-Roy Goosen | 071 318 1785 |
| Janco Morton | 072 231 6342 |
| **Dinsdag 01 September** | |
| Antoinette Fourie | 076 177 6756 |
| Stephen Greeff | 083 450 6499 |
| Stefan Hopley | 083 320 6808 |
| Lizet van der Merwe | 071 886 8387 |
| Marius van Tonder | |
| **Woensdag 02 September** | |
| Eleanore Swanepoel | 012 804 4069 |
| Leane van Deventer | 083 380 8806 |
| Jenny Venter | 083 454 6617 |
| **Donderdag 03 September** | |
| Carol Pelser | 012 804 0852 |
| Ansu Visser | 084 455 8745 |
| **Vrydag 04 September** | |
| Nannie Lombard | 083 294 3161 |
| **Saterdag 05 September** | |
| Hester Dorfling | 082 890 9035 |
| Lucinde Durr | 072 585 3486 |
| Louise Rudman | |
| Hans Steyn | 012 804 2690 |

**Beste wense vir 'n gelukkige Nuwe lewensjaar !!**

## Gebedslys

**KANKER**
Charles Du Plessis - Neeltjie Barnard - Maxie Laubscher
Johnny Redelinghuys - Koos Barkhuizen

**GESONDHEID**
Tienie Wessels - Johan Venter (Familie van Ma Max)

**OPERASIES**
Seun Green

**AFSTERWE**
Johann Gresse se Moeder
Manie Visser se broer en suster

**SWANGERSKAPPE**
Beyers en Liezel Slabbert - Talita en Francois Moller

**GEBOORTES**
Lize en Alexis Kok - Mienke Kok (20/08/20)

**ONS BID OOK VIR DIE**
ekonomie
emosionele welstand van almal in on land




**Webtuiste:**
**silvertonkruins.co.za**

**Facebook:**
**@Silvertonkruin**

**Instagram:**
**@Kruinjeug_ng**

**Youtube:**
**www.youtube.com/c/Silvertonkruin**

## Hoe om Zapper te gebruik

1. Scan die QR-kode
2. Sit in bedrag
3. Kliek op betaal

Let wel dit werk met jou persoonlike bank (FNB, ABSA, Nedbank ens.) se toepassing ook.

**Bankbesonderhede:**
N.G. Silvertonkruin
ABSA - 632005
Tjek rekening: 70580888

zapper™

**Kerkkantoor:**

**Telefoon: 012 804 3577**
**Faks: 086 545 7151**
**e-posadres:**

**admin@silvertonkruins.co.za**

**Kerkkantoor ure:**
**Maandae - Vrydae 09:00 - 13:00**